

Junie 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek is nog steeds by die banke. Hierdie maand iets oor die Standard Bank en ander banke tydens die twee Vryheidsoorloë. Meeste van die inligting kom woordeliks uit die artikel van T.S. van Rooyen in die Pretoriana van Augustus 1964. Ek het net so hier en daar iets bygevoeg.

Vestiging in Pretoria

Kort voordat die Transvaalse Republiek op 12 April 1877 deur Shepstone geannekseer is, het die Standard Bank geweet wat sou kom en het hulle hul planne dienooreenkomstig agtermekaar gesit. Die Pretoriase tak van die bank is op 16 Mei 1877 ge-open. Die enigste ander bank in die Transvaal was die Cape Commercial Bank.

Die Eerste Vryheidsoorlog

Nie die direksie nie, en allermens die amptenare van die bank, het enigsins kon glo dat die burgers van Transvaal tot wapengeweld sou oorgaan. Toe die Eerste Vryheidsoorlog uitbreek, het die bank al sy takkantore in Transvaal, behalwe die een in Pretoria, gesluit.

In Pretoria is die meerderheid van die bank se personeel aangesê om militêre diens te verrig. Toe die hoofstad deur die burgerkommando's beleër is, het die vrees bestaan dat die burgers sou deurbreek in miskien beslag lê op die bank se geld en goudvoorrade. Die gevolg was dat al die geldvoorrade na die fort wat vir verdedigingsdoeleindes op die hoek van Visagie- en Bosmanstraat en in die Loretoklooster opgerig is, oorgeplaas is. Die goudstawe is saam met die ammunisiekiste ondergronds geberg.

Gedurende die nag moes die personeel aktiewe diens doen in die "Pretoria Carbineers". Veral patrolliediens het veel van hul tyd in beslag geneem, terwyl die bankbesigheid gedurende die dag vir 'n paar uur in hul geboutjie op Kerkplein gedoen is. 'n Mnr. W.J. Johnston was toe die bestuurder van die bank en daar is elke dag onder sy toesig 'n klein hoeveelheid goud en silwer vanaf die fort na die bank geneem om besigheid mee te doen.

Mnr. A.G.A. Melvill, die kassier, het die opdrag gehad om wanneer 'n waarskuwingskoot vanaf die fort gevuur word, alle kontantgeld en geldebriewe op te raap en so vinnig moontlik na die fort toe te verkas.

Na verskeie onderbrekings is daar besef dat die kat-en-muisspeletjie té gevaarlik is, en is daar besluit om die bank se deure tot na die oorlog te sluit. Die bank sou egter nog sy sakebedrywighede in die fort voortsit en wel in 'n leë tent [Arg-04 p291], met leë pakkiste wat moes dien as toonbank en stoele! Hierdie avontuurlike bedrywighede met sy humoristiese situasies, het ook sy skadukant gehad toe een van die personeellede by name Arthur Thomas Cogan gedurende 'n nagtelike aanval op die Boerestellings doodgeskiet is.

Na die vredesluiting was die toekoms vir die Standard Bank in Transvaal onseker. Ofskoon hulle oor 'n reserwekapitaal van R245,000 beskik het en die totale bates R1,600,000 [£800,000 volgens Arg-04 p293] oorskrei het, het die na-oorlogse depressie en die onsekerheid oor wat die houding van die Transvaalse regering sou wees, tot algemene pessimisme gelei. Al die takkantore het gesluit gebly en alle besigheid is in Pretoria gekonsentreer met die oog op finale likwidasië van die bank se besigheid in die Republiek.

Voordat 'n finale beslissing geneem is, het van die belangrikste inwoners van Pretoria 'n skriftelike versoek tot die bank gerig om nie te sluit nie, aangesien dit

uiters nadelige gevolge vir die wankelende ekonomie van die Republiek sou hê; selfs Vice-President Paul Kruger het die bankbestuur verseker dat hul onttrekking uit Pretoria nie gewens is nie. Ten spyte van hierdie versekering is daar besluit om eers te wag en te sien wat gaan gebeur voordat die bank se handelsbedrywighede uitgebrei sou word.

In 1882 het die Cape Commercial Bank besluit om sy besigheid dwarsdeur die land te staak. Die gevolg was dat die Standard Bank daarna die enigste bank was wat in Transvaal besigheid gedoen het. As gevolg van die Mapogoorlog van 1882-83 was die finansiële toestand van die Transvaal glad nie gesond nie en het die staat swaar op die Standard Bank getrek. Om die staat uit sy penarie te help, het die bank toegestem om 'n oortrokke rekening van R30,000 toe te staan. Deel van die ooreenkoms was dat die staat, afgesien van sy waarborge, die personeel van die bank sou vrystel van kommandodiens teen oproerige Bantoestamme in Wes-Transvaal of in geval oorlog uitbreek. Voorwaar 'n unieke ooreenkoms tussen 'n bank en 'n staat!

Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand was die Standard Bank se posisie, materieel gesproke, gesond. Veral as gevolg van die feit dat die bank gedurende die krisistjare die staat finansiële bystand verleen het, is die bankrekening van die staat met die Standard Bank in Desember 1887 hernu ofskoon die Standard Bank toe ook nie meer die enigste bank was dat hier sake gedoen het nie. In 1879 het "De Bank van Afrika" onder die bestuur van W. Carson, in 1886 die Natal Bank, en in 1888 "De Nederlandse Bank en Crediet Vereniging" bygekom.

Die staat het daarna egter gevoel dat hy sy eie bankinstelling behoort te beheer. Dit lei dan tot die totstandkoming van die Nasionale Bank van Zuid-Afrika Beperk in 1890. Hierdie bank het in 1891 sy deure vir die publiek oopgestel, maar toe was die posisie van die Standard Bank onaantasbaar en kon hy hierdie kompetisie verdra. Op daardie tydstip het die bank reeds oor meer as twaalf takkantore in die Transvaalse Republiek beskik en het meneer J.J.G. Ferris, die bankbestuurder sinds 1881, deur sy persoonlike optrede en die feit dat hy op vriendskaplike voet met die hoogste regeringsamptenare verkeer het, algemene vertroue ingeboesem. Selfs President Kruger het ook 'n bankrekening by die Standard Bank gehad, en het voortdurend gebruik gemaak van meneer Ferris se advies. In Oktober 1899 was President Kruger se deposito-rekening R80,000 sterk.

Die Tweede Vryheidsoorlog

Toe die tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 uitbreek, is die meeste amptenare van die Standard Bank kennis gegee om die land te verlaat weens die feit dat hulle nie Transvaalse burgers was nie, maar wel Britse onderdane. Mnr. Ferris is vanaf Kaapstad waarheen die hoofkwartiere van die bank in 1885 vanaf Port Elizabeth verskuif is, opdrag gegee om volle beheer oor al die bankbesigheid in die Transvaalse Republiek oor te neem totdat vyandelikhede gestaak sou word. Mnr. Ferris het, nadat die oorlogsverklaring bekend geword het, onmiddellik met die regering in verbinding getree. Hy wou weet of die kontantbates van die bank deur die regering oorgeneem sou word.

Die regering het hom die versekering gegee dat die kontant en goud nie deur die regering oorgeneem sou word nie.

Op 13 Maart 1890 is Bloemfontein deur die Britse magte ge-okkupeer en is die Britse opmars na Pretoria voortgesit. Sewe dae voordat Johannesburg deur die magte van Lord Roberts beset is, besluit die regering om beslag te lê op sekere geldvoorrade van die Standard Bank in Pretoria. Die bedrag wat geëis is het op R520,000 te staan gekom, maar die regering was gewillig om dit teen ongemunte goud te borg. Meneer Ferris is hierdeur in 'n uiters moeilike posisie geplaas, want die Britse Hoë Kommissaris het hom reeds geadviseer om geen borg in die vorm van goud te aanvaar nie, aangesien daar onsekerheid sou bestaan oor wie die eventuele

eienaars van die ongemunte goud sou wees. Al wat meneer Ferris kon doen was om ernstige beswaar teen die voorgenome stap aan te teken. Die regering het na beraadslaging besluit om die bedrag wat van die bank opgevorder sou word te verminder na R300,000 met die belofte om dit na die oorlog te vergoed. Mnr Ferris was verplig om in hierdie besluit te berus, ofskoon hy begin wonder het of die republiekeïse regering nie 'n bietjie ooptimisties was noudat die Britse troepe reeds Johannesburg beset het, en gereed gemaak het vir hul opmars na Pretoria nie.

Net nadat Pretoria beset is, het meneer Ferris die vraag by die Britse owerheid geopper oor wie nou eintlik verantwoordelik gehou moes word vir die terugbetaling van die geld. Tussen 1901 en 1904 het die bank aanhoudende verhoë tot die Britse regering gerig oor die geld, maar die Britse regering se standpunt was dat hy nie aanspreeklik gehou kon word vir 'n ooreenkoms wat tussen die bank en 'n regering wat nou nie meer bestaan nie, aangegaan is. Daarin moes die bank maar berus en die bedrag as "slegte skuld" afskryf.

Bronne

ARG-04

Davey, Arthur M. **The Siege of Pretoria 1880 – 1881**. Argief Jaarboek, Jaar 19, vol. 1. Cape Times Ltd. 1956.

Pr-045

T.S. van Rooyen. **Die Standard Bank**. Pretoriana, Nommer 45, Augustus 1964.

Die volgende van Anton van Vollenhoven

Ek wil graag weet of iemand moontlik 'n e-pos adres het van Grant Botha by Gauteng se Provinsiale Erfenisowerheid.

Groete,

Anton

Dr. Anton C. van Vollenhoven

Van Karlien van Niekerk

N.a.v. die navraag van mnr. Danie Bosman oor Rooihuiskraal: ek het 'n dokument in my argief wat hom dalk kan help. "Rooihuiskraal: Beplanning van 'n terreinmuseum" deur Diederé du Toit is in 1982 ingedien as skripsie ter voltooiing van die Nagraadse Diploma in Museumkunde. Sy noem byvoorbeeld dat die oorspronklike eienaar ene Michiel Christiaan Opperman was. Daar is ongelukkig nie tyd of plek om 'n opsomming van die dokument te maak nie, maar hy is baie welkom om dit te kom besigtig hier in die Leeskamer. Hy kan my e-pos of skakel by (012) 420 2044.

Groete,

Karliën van Niekerk
Senior Tegnieëse Assistent: Inligtingstelsels
Boukunde 3-13
Departement Argitektuur
Universiteit van Pretoria
Tel: (012) 420 2044

Van Prof Alex Duffey

Rosa, kyk in my nuwe boek "Anton van Wouw: The Smaller Works" wat deur Protea Boeke verlede jaar uitgegee is. Daar is op pp 20-21 inligting oor die Ou Standard Bankgebou en ook in 'n artikel wat onlangs in die South African Journal of Art History, vol. 23 Nr. 1 van 2008 onder die opskrif "Anton van Wouw's sculptures on buildings in Pretoria" verskyn het.

Groete,
Prof Alex Duffey
Chief Curator: Up Art & Heritage Collections
UP Arts
University of Pretoria

Van Estelle Pretorius

Beste Vriende,

Ek hoop van harte dat een van julle my kan help! Ek het 'n navraag gekry oor die standbeeld op Désiré de Villiers se graf in die Ou Begraafplaas in Pretoria. Hy was van die Pretoria Kommando en het op 11 Desember 1899 by Ladysmith gesneuwel. Sy pa, Tielman Nieuwoudt de Villiers, was die tweede Burgemeester van Pretoria.

Ek wil graag weet wie die standbeeld gemaak het en enige relevante inligting daaroor. Ek heg 'n foto daarvan hierby aan. Laat weet my asseblief?

Baie dankie!

EstellePretorius
Navorser
Voortrekkermonument en Natuurreservaat
Tel: 012 326 6770
navorsing@voortrekkermon.org.za
www.voortrekkermon.org.za



Wie is hierdie man??

Volgens J.C. Vlok [sien Pretoria Brief van Augustus 2007] is dit 'n foto van Paul August Moes, 'n boemelaar van ou Pretoria. Groot was my verbasing toe ek onlangs ou foto's van my Ouma deurkyk en dieselfde foto sien, maar agter op staan geskryf "Oom Kallie Grobler, Bure op Carolina". My Ouma [nooi Zeiler] het kort na die Anglo-Boere-oorlog in Carolina Distrik gewoon. Is daar nie miskien iemand wat genealogiese navorsing doen wat meer inligting het nie?



Groete tot volgende maand
Rosa Swanepoel